# JUBILEUM VRYE UNIVERSITEIT AMSTERDAM.

Volgende jaar, 1955, vier die Vrye Universiteit te Amsterdam sy vyf-en-sewentigjarige jubileum. Hierdie heuglike feit verdien seker die aandag van Potchefstroom se akademiese kring asook van die lesers van Koers in die algemeen.

Want eerstens is die Vrye Universiteit in die buiteland seker die eerste en nou nog die leidende universiteit waar die wetenskap beoefen word in die radikale Christelike sin wat deur die Calvinisme vereis word, en tweedens het ons inrigtinge vir Christelike Hoër Onderwys te Potchefstroom hul leiers in die twintigste eeu hoofsaaklik ontvang van die Vrye Universiteit, veral in die persone van wyle prof. dr. J. D. du Toit en wyle prof. dr. F. Postma.

Soseer is dit die geval dat ons veilig kan aanneem dat die ontstaan van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onmoontlik, of altans onvrugbaar, sou gewees het, sonder die bevrugting wat van die Vrije Universiteit uitgegaan het, eers op die gebied van die Teologie en die Lettere in ruimer sin, en nou ook op die gebiede van die Wysbegeerte, die Regte, die Opvoedkunde en die Natuurwetenskappe.

Veral wil ons nadruk lê op die Wysbegeerte en die Natuurwetenskappe, eensdeels omdat hulle vir die toekoms van die Christelike Wetenskap van so oorwegende belang is en anderdeels omdat op hierdie gebiede die Vrye Universiteit nou by uitstek baanbrekerswerk doen.

In hierdie verband mag daaraan herinner word dat in die 19e eeu ons skool sy leiding hoofsaaklik gevind het by die Teologiese Skool van Kampen, en dat hierdie skool onmoontlik op bogenoemde gebiede leiding kon gegee het. Dit beklemtoon ons huidige afhanklikheid van die Vrye Universiteit, 'n feit wat ons nie tot slaafse navolging hoef te voer nie.

Die verbinding van Wysbegeerte en Natuurwetenskap is betekenisvol, in so ver die beoefening van die Natuurwetenskappe, en meer bepaald Wiskunde, van besonder belang is vir die beoefening van 'n wysbegeerte wat beantwoord aan die moderne vereistes, en aan die ander kant hierdie Wysbegeerte vir die eerste maal 'n Christelike grondslag gelê het vir die beoefening van die Natuurwetenskappe; aangesien dit Christelik is sonder om beheers te word deur Teologie of Biblisisme, en in beginsel ten volle rekening hou met al die veelsoortige wetmatighede van die werklikheid, selfs meer as enige ander wysbegeerte wat tot nog toe ontwikkel is.

Daar is dus alle rede vir ons om te deel in die Jubileum-vreugde van die Vrye Universiteit, nog te meer omdat die voorneme is om by geleentheid hiervan 'n fonds aan die Universiteit te oorhandig vir volledige uitbouing van sy Mediese Fakulteit.

Hiermee is die belofte gegee tot voorsiening in 'n besonder dringende behoefte, en meer as 'n belofte, aangesien die leerkragte beskikbaar is en die benodigde kapitaal sekerlik voorsien sal word met behulp van 'n ruime staatsubsidie in Nederland.

Ons sê dat die a.s. Jubileum dus tegelykertyd sal dien tot voorsiening in 'n besonder dringende behoefte, nl. die van 'n radikaal Christelike opleiding vir mediese dokters insluitende psigiaters, 'n behoefte waaraan voorlopig nêrens anders in die wêreld voldoen kan word nie.

Om al bogenoemde redes is ook hier op Potchefstroom onder leiding van 'n Nederlandse verteenwoordiger van die V.U. 'n voorlopige komitee gestig om bydraes in te samel vir hierdie Mediese Fakulteit, wat by die Jubileum self aan die Bestuur in Amsterdam oorhandig sal word, as 'n gebaar van dankbaarheid, gelukwense en ondersteuning namens die

vriende van „Potchefstroom". Hierdie komitee, wat seker nog deur kooptasie aangevul sal word, ook uit ondersteuners van elders, staan nou onder voorsitterskap van **prof. W. J. Snyman,** met **prof. W. Robbertse** as sekretaris. Laasgenoemde is aangewys om bydraes in ontvangs te neem, **waartoe ons hierby 'n beroep doen op alle goedgesinde lesers.**

Graag hoop ons dat die komitee ruime ondersteuning sal ondervind, nie omdat Nederland nie sonder ons die mas op sal kan kom nie, maar omdat dit vir ons 'n eer en 'n genoeë behoort te wees om op hierdie wyse dank te betuig vir wat ons reeds van die Vrye Universiteit ontvang het, en ook ons hoop en verwagting te beseël op verruimde leiding in die toekoms, soseer dat die Potchefstroomse Universiteit sowel die Mediese Fakulteit van die Vrye Universiteit as die van Pretoria nog vir baie jare as sy eie sal beskou, eersgenoemde weens die volle ooreenstemming van geestesrigting en laasgenoemde om nasionale redes.

L. J. DU PLESSIS.

* * *

(Die Redaksie van Koers wil hierdie beroep op die lesers van Koers hartelik ondersteun. Afgesien van die rykdom van publikasies van dosente en studente van die Vrije Universiteit sinds sy stigting in 1880, waarvan veral ook die Teologiese Skool en die Universiteit vir C.H.O. alhier waardevolle vruggebruik geniet het en geniet, is dit van belang om te weet hoeveel van die dosente, oud-dosente en afgestorwe dosente van die genoemde twee inrigtings aan die Vrije Universiteit gestudeer het of nog studeer; hulle is (in alfabetiese volgorde gegee): Prof. dr. P. J. S. de Klerk, prof. L. J. du Plessis, prof. dr. D. C. S. du Preez, prof. dr. J. D. du Toit, prof. dr. S. du Toit, prof. dr. S. O. Los, prof. dr. J. H. Kroeze, prof. dr. F. Postma, mnr. C. F. Schoeman, prof. W. J. Snyman, dr. P. H. Stoker, mnr. J. A. L. Taljaard, prof. dr. B. van Deventer, prof. dr. J. C. van Rooy en mnr. C. M. Wimmers, altesaam 15 as nie een per abuis oorgeslaan is nie. Selfs enkele van die vroeëre en huidige Kuratore van die Teologiese Skool en Raadslede van die Potchefstroomse Universiteit het aan die Vrije Universiteit gestudeer.

Besondere vermelding verdien dat die Vrije Universiteit met ons Van Riebeecks-herdenkingsfeeste aan prof. dr. J. C. van Rooy 'n ere-doktoraat toegeken het, en dat hierdie Universiteit slegs met die hoogste uitsonderings dergelike grade toeken.

Wie dink ook nie aan die verstewiging van die bande tussen Potchefstroom en die Vrije Universiteit deur dosente, oudstudente en selfs kuratore van hierdie Universiteit wat ons land kom besoek en veral ook en in die eerste plek juis Potchefstroom op hul reisplan geplaas het; dan skiet ons name te binne van (in alfabetiese volgorde geplaas): Prof. dr. G. Berkouwer, prof . dr. H. Dooyeweerd, mnr. Donner, prof. dr. V. Hepp, prof. dr. H. H. Kuyper, prof. dr. L. van der Horst, prof. dr. van Gelderen en prof. dr. J. Waterink, altesaam 8 verteenwoordigers van die Vrije Universiteit, as nie een per abuis oorgeslaan is nie.

Op die 50-jarige Jubileumsfees van die Vrije Universiteit het prof .dr. H. G. Stoker die groete van die genoemde twee Potchefstroomse inrigtings vir

Hoër Onderwys oorgebring en dit is moontlik dat met sy 75ste Jubileumsfees weer persoonlike groetes van beide inrigtings oorgedra kan word, asook persoonlik die geskenk oorhandig kan word, te meer waar in die tweede helfte van 1955 verskillende dosente van Potchefstroom vir studiereise, o.a. juis ook aan die V.U., na Europa gaan.

DIE REDAKSIE).

---